

DIE WOORDJIE „OU”

In 'n vorige praatjie het ek stilgestaan by 'n groep woorde wat baie sterk met gevoel gelaai is, nl. die verkleinwoorde. Hierdie keer wil ek 'n ander woordjie behandel wat by uitstek 'n gevoelswoord is, nl. die woordjie *ou* waarmee ons gewoon is om ons gesprekke en geskrifte te deurspek.

As ons praat van 'n ou man, 'n ou huis, 'n ou vriendskap, dan dink ons natuurlik aan iemand wat reeds lank in die lewe is of iets wat al lank bestaan. Maar net soos met die kleinheid wat deur die verkleinwoordjies uitgedruk word, allerlei gevoelens verbind kan word, so is die ouderdom ook iets wat maklik ons gevoelens opwek. As ons praat van 'n ou grysaard, dan dink ons nie alleen aan sy ouderdom nie, maar is ons ook vervul met eerbied vir alles wat hy in sy lewe deurgemaak het en met die waardige plek wat hy nou in die samelewing bekleet. Die ouderdom bring immers ervaring, geleerdheid, wysheid mee. En so is ook 'n ou karweier of 'n ou rusiemaker, nie alleen iemand wat al lank karweier is of al lank rusie maak nie, maar iemand wat ervaring daarvan het, wat daar tuis in is. Soms gaan ons selfs nog 'n stappie verder en gebruik die woordjie met behoud van die oorspronklike -d in die vorm oud-: 'n oud-onderwyser, oud-leerling. Dan bedoel ons iemand wat vroeër kennis en ervaring van die beroep opgedoen het, maar nou reeds by daardie stadium verby is en dit vaarwel gesê het. En as ek sê: „Ons is ou vriende,” dan gee ek daarmee te kenne, nie alleen dat die vriendskap

reeds lank geduur het en ons dus alle geleentheid gehad het om ervaring daarvan op te doen nie, maar ook dāt dit wedersydse vertrouwe opgewek het. Daarenteen het die ouderdom egter ook sy gebreke, en deur sy swakheid en hulpeloosheid ~~wek dit soms ons minagting op, soos wanneer ons praat van 'n ou brompot of 'n ou sukkelaar;~~ en ongunstig is ook die gevoelswaarde wanneer die ouderdom hom daardeur onderskei dat die lewe gebruik is om slegte eienskappe te ontwikkel: 'n ou skelm, 'n ou jakkals, 'n ou rot. In een van sy vroeë gediggies het Leipoldt 'n „Ou Meul” besing, maar as ons die versreëls lees, dan voel ons dadelik dat die „ou” nie alleen op ouderdom sien nie, maar ook iets intiems, iets idillies aan die toneel gee:

Rol, rol, ou wiel, en spat die skuim
 Rond om die eende in die sluis!
 Die water kom van bo die berg
 Om in die meulstroom hier te bruis.

Twee groot popliere skade jou,
 Ou wiel; en as die winter kom,
 Dan val die blare om jou as
 En bewe, as jou speke brom.

In „ek het hom 'n ou klap gegee,” beteken ou „harde”, d.w.s. dit versterk die betekenis van „klap”. Versterkend is ou ook in die volgende sinne, waar die Selfstandige Naamwoord niksseggend is en alleen dien om 'n bepaalde vorm aan die sin te gee: „Ek het vir jou 'n ou slag geslaan op die vendusie” — „Hy het dié dag 'n ou skoot geskiet” — „Ons het 'n ou skoot gedans” — „Ek het hom 'n ou hou geslaan.” Hier het ou dus heeltemal sy oorspronklike betekenis verloor en gee dit alleen versterkende krag aan die begrip van die Werkwoord.

Maar dit kan nog verder gaan. Ou kan ook sy eie aksent verloor. Dan word dit 'n blote aanhangsel by ander woorde. Partykeer druk dit dan iets intiemers uit, 'n gevoel van kameraadskap, soos in: „Ag nee, ou kêrel, ou maat, ou vriend;” „ons ou vaal burger.” Maar dikwels behou dit nie eens 'n selfstandige betekenis nie, versterk dit alleen die gevoelselement wat reeds in die selfstandige naamwoord aanwesig is waarmee dit saamgaan. In „haar ou handjies,” druk „handjies” reeds iets liefs uit en dit word versterk deur die toevoeging van ou. So ook in: „al die ou gewassies het vërdroog in die warm son.” Maar in: „Vat weg jou ou pote” — „Daar kom hy al weer met sy ou praatjies aan” — „Hou jou ou bek” — „Dis sommer 'n ou vrek, 'n ou ellendeling,” ens., versterk ou die gevoel van minagting in die Selfstandige Naamwoorde. In: „Die ou wit huisies het een vir een sigbaar geword,” versterk ou die idilliese toon; en in: „My enigste ou oollammetjie” die gevoel van voorgewende beskeidenheid. Geen wonder dat hierdie woordjie so graag saamgaan met verkleinwoordjies nie, want dit is 'n besonder handige middel tot versterking van die menigvuldige gevoelswaardes wat die verkleinwoordjies uitdruk.

Opmerklik omtrent die gebruik van ou is ook die sterk adhesie wat daar bestaan tussen hierdie woordjie en die woord waarvan dit die gevoelswaarde versterk. Dit staan graag so dig daarby as moontlik, en hoe digter dit daarby staan, hoe sterker word die gevoel. Let bv. op die verskil tussen die ou wit huisies en die wit ou huisies; sy ou groot bek en sy groot ou bek. As ou eerste staan, is ons selfs geneig om wit huisies, groot bek, ens., as samestellinge te voel. Maar ons kan ook die gevoel nog verder versterk deur ou te herhaal. Dan volg die ou's egter nie vlak op mekaar nie, maar word deur ander woorde van mekaar geskei. So kan ons praat van 'n „lieuwe ou goeie ou moedertjie”, en so praat

Langenhoven êrens van 'n „tingerige ou papperige ou nare ou dingetjie”. Partykeer versterk ou in so 'n geval die gevoelswaarde van 'n Byvoeglike Naamwoord, soos in: „'n ou lekker ou kêrel;” „'n ou nare ou gedoente”.

Ou kan ook as Selfstandige Naamwoord gebruik word. In: „Die ou weet daar niks van af nie,” is dit ligtelik veragtelik, met tog 'n gevoel van kameraadskap daarby, soos ook in: „Jy lyk 'n mooi ou,” maar in: „Ja, ou, ek het gehoor;” „ag kom, ou,” ens., bly alleen die kameraadskapsgevoel oor. Die verkleinwoord maak ook hier weer nuwe gevoelswaardes moontlik. In: „Dis 'n ou mooi outjie” is daar iets liefvalligs, maar: „Daardie outjie weet glad niks” is bepaald minagtend, terwyl: „Ons outjies het tog alte swaar gekry” erg sentimenteel, self-idealiserend is.

Waar kry ons nou hierdie veelvuldig gebruikte en rykgeskakeerde gevoelswoord vandaan? Natuurlik gaan ons sy ontstaan in die eerste plaas soek by die moeder van Afrikaans—Nederlands. In Algemeen-Beskaafde Nederlands is *oud* egter as gevoelswoord teenswoordig so goed as onbekend en feitlik beperk tot aanspreekvorme soos *oude jongen, oude vriend*. Historiese studie lewer egter die bewys dat dit vroeër meer voorgekom het. Die gebruik in Nederlands het dus afgeneem. Daar is egter Nederlandse dialekte, en by name die sterk Friesgekleurde dialek van Noord-Holland, waar dit meer voorkom. In hierdie dialek word dit ook as selfstandige naamwoord (*oud en ouwe*) en as verkleinwoord (*oudje*) gebruik. In Nederduits kom dit besonder veel voor: *min ol god' jung; dat ol lutt hart; 'n oln goden hand; bûst en ol gos; 'n oln snakschen drom.* En in 'n ander Saksiese dialek, Engels, ken ons dit baie goed: *old boy, old chap, old fellow, old man, good old Scotland, a good old spree,* en veragtelik in: *the old bloke.* Dit lyk dus of hierdie gevoelswoordjie sy ontstaan gehad het en die sterkste verbrei is in die Saksies-Friese groep van

Germaanse dialekte. Moontlik het Frankies dit alleen as leenwoord uit hierdie dialekte oorgeneem en het dit daarom so min lewenskrag daarin vertoon. Des te merkwaardiger is dit dan dat Afrikaans wat, net soos Algemeen-Beskaafde Nederlands, hoofsaaklik op Frankiese grondslag berus, so 'n uitgebreide gebruik daarvan maak. Aan invloed van Engels kan ons nie dink nie, want in Afrikaans is dit veel meer verbreid as in Engels. Ons moet dus eer dink aan vroeë invloed van Saksies en Fries of Saksies-Fries-gekleurde Nederlandse dialekte op Afrikaans. Origens sal ons die groot uitbreiding in Afrikaans wel in verband moet bring met die veelvuldige gebruik van verkleinwoorde. In Nederduits egter, waar *ol* ook besonder veel gebruik word, is hierdie woord—net soos *lütt*—nodig om gevoelswaardes weer te gee, omrede dat verkleinwoorde so uiters skaars is. In Afrikaans waar ons 'n oormate van verkleinwoorde het, dien *ou* as versterkingsmiddel van die menigvuldige, maar soms vae, gevoelswaardes van die verkleinwoorde. Waar dit 'n eie gevoelswaarde het, is dit egter net so wisselend en onvas as dié van die verkleinwoorde, maar miskien was dit juis dit wat hom populêr gemaak het.

LITERATUUR

J. J. LE ROUX: *Oor die Afrikaanse Sintaksis* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).

FUNKSIE EN FUNKSIEVERANDERING

Ek hoef seker geen verskoning daarvoor te vra dat ek 'n enigsins moeilike onderwerp in hierdie praatjie wil behandel nie. Alleen wie bereid is om ernstig te studeer en 'n selfstandige mening te vorm, kan in staat wees om 'n behoorlike insig in die wese van ons taal te kry en op dié wyse ons kultuur te bevorder. Wie bang is vir intellektuele inspanning bly nie stilstaan nie, maar gaan agteruit, want die wêreld self beweeg voorwaarts. Tog sal ek probeer om die saak so eenvoudig as moontlik voor te stel.

Die saak waar dit om gaan is die volgende: Die Nederlander sê: *Ik heb honger*. Die Afrikaner kan ook sê: *ek het honger*, maar daarnaas kan hy sê: *ek is honger*. Die skoolkind noem *honger* in *ek het honger* 'n Selfstandige Naamwoord, en in *ek is honger* 'n Byvoeglike Naamwoord. Dit wil dus sê dat wat oorspronklik 'n Selfstandige Naamwoord was, in Afrikaans ook as Byvoeglike Naamwoord gebruik kan word, of m.a.w. dat wat oorspronklik een rededeel was 'n ander rededeel kan word. Uitgaande van die veronderstelling dat elke rededeel 'n spesifieke funksie het, word in hierdie verband dan ook gepraat van funksieverandering. So was *regop* oorspronklik 'n Bywoord, bv. in: *Hy staan regop*, maar ons kan ook sê: *Dis 'n reg-op kêrel*, waar *reg-op* 'n Byvoeglike Naamwoord is. En so is daar baie ander voorbeelde van sulke oorgange.

Party taalgeleerdes het 'n besondere betekenis geheg aan hierdie oorgange in Afrikaans. Hulle het daarin

gesien 'n sterk bewys van die groot invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans. Die grootste sondaar in hierdie opsig was wyle prof. P. J. du Toit, maar ook Nederlandse geleerdes van naam soos prof. Hesseling, prof. Van Ginneken, die professore Lecoutere en Grootaers is hierdie mening toegedaan. So skrywe die laasgenoemde twee hooglerare in hulle „Inleiding tot de Taalkunde” in verband met Afrikaans: „Het verwarren der rededelen is stellig de merkwaardigste afwijking van het Nederlands en het treffendst bewijs van Creolisering. Dit verskynsel is niet te verklaren door spontane ontwikkeling.” Met Creolisering word bedoel dat Nederlands in die mond van Maleiers, en miskien ook Hottentotte, vervorm en so deur Europeane oorgeneem is. As hierdie bewering juis is, danwerp dit dus 'n baie belangrike lig op die geskiedenis van ons taal. Daarom is dit so nodig om die saak noukeurig te ondersoek.

Onthou nou, daar word gepraat van die verwarring of deureenloop van rededele. Maar wat is 'n rededeel? Die name van die rededele is goed genoeg bekend: Selfstandige Naamwoord, Byvoeglike Naamwoord, Werkwoord, Voornaamwoord, Voorsetsel, ens. Iedere skoolkind ken hulle. Maar iedere skoolkind is nie altyd in staat om te sê watter rededeel 'n bepaalde woord is nie, en dit is nie omdat die skoolkind so dom is nie—die onderwyser kan dit dikwels ook nie doen nie—maar omdat die indeling so onbevredigend is.

Is toe in: *Die deur is toe*, bv. 'n bnw. of 'n byw.? Is *hoeveel* in: *Hoeveel mense is daar?* 'n vnw. of 'n telwoord of 'n bnw.? As ons nie kan sê watter rededeel 'n woord is nie, hoe kan ons dan sê dat dit oorgeloop het?

Inderdaad hang die indeling in rededele af van drie begrippe: die verbuiging, die betekenis en die funksie van die woorde. Ek veronderstel dat iedereen weet wat bedoel word met verbuiging en met betekenis. Met die funksie bedoel ons die rol wat die woord in die opbou van die sin

speel, dus of dit 'n sin vorm; of 'n sinsdeel, soos Onderwerp, Gesegde of Voorwerp; of 'n bepaling van 'n sinsdeel; of net 'n verbinding is tussen sinne, of sinsdele, of bepalinge.

Die toepassing van die drie begrippe lewer egter nie altyd dieselfde resultate op nie, en so is dit dikwels onmoontlik om sonder vrees vir teenspraak te sê dat 'n woord 'n bepaalde rededeel is. Laat ons 'n *lospit perske* neem. *Lospit* het die verbuiging van 'n Selfstandige Naamwoord maar ons sou kan sê dat dit die funksie van 'n Byvoeglike Naamwoord het, want dit bepaal 'n Selfstandige Naamwoord. Wat is dit nou? Die feit is dat as ons van die verbuiging uitgaan elke rededeel nie net een funksie het nie, maar 'n verskeidenheid van funksies. Die indeling van hierdie funksies, sowel as van die verbuiginge en betekenis, in die gebruikelike skoolgrammatikas, laat soveel te wense oor dat dit gladnie as 'n bevredigende basis beskou kan word om 'n argument op te bou nie.

Aan die ander kant egter vergemaklik juis die dubbele funksies, die verskeidenheid van funksies, die sogenaamde oorloop van die een klas na die ander, en hierdie oorloop is gladnie iets nuuts of iets spesifiek Afrikaans nie. Dis 'n verskynsel wat ons kan aanwys vanaf die vroegste tye van ons taalgeskiedenis. In alle Indogermaanse tale het nie net enkele woorde nie, maar hele groepe, van tyd tot tyd oorgeloop van die een klas na die ander. Laat ek u enkele voorbeelde noem. Die Selfstandige Naamwoorde *vors*, *heer*, *mens*, *goed* was oorspronklik Byvoeglike Naamwoorde; *vriend* en *vyand* was oorspronklik Deelwoorde; so ook 'n *bekende*, *sy verloofde*, ens. In Hollands word gepraat van *tennissen*, *voetballen*, *golven*; die Hollanders het dus Werkwoorde afgelei van die Engelse Selfstandige Naamwoorde: *tennis*, *football*, *golf*. As dit in Afrikaans gebeur het, sou daar geen *-en* by nodig gewees het nie. Ons Deelwoorde was

vermoedelik oorspronklik Byvoeglike Naamwoorde wat later 'n verbale funksie by die byvoeglike aangeneem het. Later het die Deelwoorde in sommige gevalle weer 'n suiwer adjektiwiese funksie gekry, soos in: *sy aangenome dogter, 'n doorgestoke kaart, die voorgenome huwelik*. Bywoorde soos: *vandag, desnoods, geensins, mettertyd, tereg*, ens. het ontstaan uit Selfstandige Naamwoorde. Die Voorsetsels en Voegwoorde was miskien almal oorspronklik ander rededele.

As hierdie oorloper op so 'n groot skaal in ander tale plaasgevind het, vanwaar dan die bewering dat dit 'n bewys van kreolisering in Afrikaans is? Hollands, Engels, Duits word tog ook nie Kreoolse tale genoem nie! Die feit is dat mense wat so praat nie die verskillende tipes van oorgang voldoende onderskei het nie. Aan baie van die voorbeelde wat P. J. du Toit bv. genoem het, is daar niks wat vreemd is vir die Nederlandse taalgevoel nie. Die oorgange sou net so goed in Nederlands kon plaasgevind het, en in party gevalle het dit ook gebeur. Maar daar is ander gevalle waar die oorgang vreemd klink vir Nederlandse ore en dan is dit moontlik dat daar 'n ander invloed gewerk het. Sulke gevalle moet noukeurig ondersoek word aan die hand van taalkundige gegewens. Nie die oorloop van een klas na die ander op sigself is 'n bewys van kreolisering nie, maar die tipe van oorgang kan 'n bewys van vreemde invloed wees. En daar moet baie sulke vreemde tipes wees voor ons kan praat van kreolisering.

Laat ons nou as 'n voorbeeld neem Afrikaanse uitdrukkinge soos: *Hy sê dit so lag-lag; hy loop staan-staan; hy sal dit so fluit-fluit doen*. In al hierdie sinne het ons 'n herhaalde werkwoordstam. Nou is herhalinge of reduplikasies op sigself niks besonders nie. Dit kom in alle tale voor. Maar die merkwaardige is dat hierdie herhaalde werkwoordstamme in die funksie van 'n bywoordelik gebruikte Deelwoord aangewend word, iets

wat nie in Nederlands of selfs in ander Europese tale voorkom nie. Dit laat ons vermoed dat in hierdie geval 'n ander taal op Afrikaans moet ingewerk het en as ons die ander tale wat in aanmerking kom gaan ondersoek, dan vind ons dat niks soortgelyks in Hottentots of Bantoetale voorkom nie, maar wel in Maleis en Maleis-Portugees. Ons konkludeer dus dat Afrikaans die konstruksie uit Maleis of Maleis-Portugees geleen het.

Tot op sekere hoogte vertoon konstruksies soos: „Dit het maar *naelskraap*, *broekskeur* gegaan” ooreenkoms met bostaande en daar is dan ook grond voor om te vermoed dat die gebruik van sulke werkwoordstamme in adverbiaal-partisipiale funksie—wat origens nog nie afdoende verklaar is nie—ook aan Maleise of Maleis-Portugese invloed toegeskrywe moet word.

Maleis is egter nie die enigste kleurlingtaal wat in aanmerking kom nie. Dit is moontlik dat party van die funksieveranderinge in Afrikaans plaasgevind het onder invloed van die oorspronklike taal van die Hottentotte. Dr. Bosman het daar bv. op gewys dat daar verskillende uitdrukkinge is wat vandag nog veel gebruik word in die Afrikaans van Hottentotte maar selde in die mond van witmense gehoor word, behalwe in streke waar die Hotnotsinvloed groot was. Sulke uitdrukkinge is bv.: *Ek is kopseer, lekkerlyf, droë-lewer; hy doring daar*. Sulke uitdrukkinge kan eenvoudig in Hottentots-Afrikaans gevorm gewees het na analogie van ander uitdrukkinge in meer beskaafde taal, maar dit sou ook moontlik kon wees dat hulle gevorm is na analogie van konstruksies wat in die Hotnotstaal bestaan het. Dit is dus die taak van die taalgeleerde om na te gaan of die Hotnotstaal werklik sulke analogiese konstruksies het.

Iedere geval moet ten slotte op sigself ondersoek word, so ver as moontlik deur vergelyking met al die oorspronklike tale wat in aanmerking kom. Party skrywers het egter die dwaling begaan om sonder verdere

ondersoek Afrikaanse oorgange wat na die model van soortgelyke Nederlandse oorgange plaasgevind het, aan vreemde invloede te gaan toeskrywe, eenvoudig omdat hulle die bepaalde gevalle of woorde nie in dié funksie in Nederlands geken het nie. Sulke oorgange wat volkome ooreenkom met die Nederlandse taalgees en verkeerdlik aan vreemde invloede toegeskrywe is, is bv.: Selfstandige Naamwoorde > Werkwoorde: *tjap*, *tolk*, *kapater*, *koeël*; Byvoeglike Naamwoorde > Werkwoorde: *hy los die Kaffer*; *hy vars die balie uit*; Bywoorde > Byvoeglike Naamwoorde: *'n reg-uit stok*; *'n reg-op kêrel*. Ander sogenaamde oorgange het 'n fonetiese oorsaak en is dus slegs skynbare funksieveranderinge. So moet ons die Selfstandige Naamwoorde: *'n sny* (brood) en *'n byt* (Nederlands *sede* en *beet*), nie beskou as Werkwoorde wat Selfstandige Naamwoorde geword het nie, maar as werkwoordstamme wat as Selfstandige Naamwoorde gebruik word en deur die verlies van Ablaut in Afrikaans die klinker van die Infinitief behou het. Vergelyk Nederlands *stap*, *schop*, *graaf*, ens. Nog ander berus op betekenisassosiasie soos: *Hy slaap 'n sloot* (*'n sloot* as Bywoord gebruik), of is die gevolg van die verlies van fleksie: *Hy is snoep*, *skelm*, of, deur beknoptheidsdrang, die gevolg van die verlies van 'n klein woordjie soos *met*, *op*, 'n: „*Hy lê been-in-die-lug*.”—„*Hy skiet dooie-rus*.”—„*Hy is wind-maker*.”

Ten slotte bly daar baie min oor wat ons aan vreemde invloede moet toeskrywe. Naas die bogenoemde reduplikasies is die merkwaardigste miskien die gebruik van *-hulle* as kollektiewe uitgang in *Pa-hulle*, *Oom-Johannes-hulle*, ens. Dit moet ons toeskrywe aan die invloed van die ou Neger-slawe van die sewentiende eeu, miskien versterk deur die invloed van Hotnotstaal. Die interessantste groep is miskien: *Ek is honger*, *dors*, *spyt*, *skaam*, *lus*, *vaak* naas *Ek het honger*, ens. Vir hierdie

oorgang is daar enige aanleiding in Nederlands, wat versterk word deur die natuurlike neiging van die kindertaal, maar waarskynlik het Oosterse Kreools ook 'n rol daarby gespeel.

Om op te som kan ons dus sê: Dat 1. funksieverandering nie uitsluitend 'n kenmerk van Kreoolse tale is nie, maar dat die veranderinge wat onder invloed van inboorlingtale plaasvind, so sterk opval omdat die algemene struktuur van daardie tale so sterk verskil van ons-s'n. 2. Dat iedere bepaalde oorgang op sigself moet ondersoek word aan die hand van die mees volledige gegewens. En 3. dat so 'n ondersoek aan die lig bring dat die Kreoliserende invloede op Afrikaans, hoewel opvallend, tog maar gering van omvang was.

LITERATUUR

Die saak kom behalwe by P. J. du TOIT: *Afrikaansche Studies* (Gent) ter sprake in al die monografieë by No. 4 genoem.

Oor die indeling van die rededele en funksieverandering in ander Indogermaanse tale sien: H. PAUL: *Prinzipien der Sprachgeschichte* (Niemeyer, Halle); J. VAN GINNEKEN: *De Kataloog van een Taalmuseum in Zielkundige Verwickelingen IV*, 2 (Dekker, v. d. Vegt en v. Leeuwen, Utrecht-Nijmegen) en *Nieuwe Taalgids V*; GERTENBACH en VAN SLOOTEN: *Eenige Belangrijke Verschijselen ens.*

WAT IS 'N TAALFOUT?

Hierdie vraag kan miskien oorbodig lyk vir leerlinge wat gewoon is om hulle skryfwerk vol blou strepe terug te kry en vir onderwysers wat gewoon is om die blou strepe te trek, en tog betwyfel ek dit of een van beide groepe hulle voldoende rekenskap gee van wat nou eintlik 'n taalfout is. Die bestaan van taalfoute is iets wat ons as vanselfsprekend aanneem. Op skool is dit een van die paaiboelies waarteen ons moet waak en dit word 'n kompleks wat ons in die latere lewe bybly en telkens voor die dag tree sodra ons 'n pen opneem, hoewel ons ons by die praat van die moedertaal daar weinig oor bekommer. Maar eintlik moes dit ons bevreemd. Ons moedertaal is immers ons eie taal, waaraan ons self sy regte gestalte gee en wat ons dus vanself korrek moes praat en skrywe, sou ons kon dink. En tog is taalfoute, ook in die moedertaal, 'n werklikheid wat nie weggesyfer kan word nie.

* Om die wese daarvan te deurgrond, moet ons die wese van taal self in gedagte hou. Taal is 'n uitingsmiddel waardeur 'n mens sy gewaarwordinge, gedagtes, gevoelens, begeertes aan andere meedeel. Maar alle mense doen dit nie op dieselfde manier nie. Die mensdom is verdeel in 'n groot aantal gemeenskappe wat ieder 'n ander taal praat. Die verskillende tale is eenvoudig verskillende uitingsgewoontes van die aparte gemeenskappe. Ander lede van dieselfde gemeenskap verstaan die uitinge omdat hulle dié ook gebruik. Van vreemde gemeenskappe, daarenteen, verstaan 'n mens die taal nie, omdat jy nie die geleentheid gehad het om

kennis te maak met hulle spreekgewoontes nie. Ons heg dus bv. 'n bepaalde betekenis aan 'n woord soos *huis*, omdat ons deur ervaring geleer het dat in ons gemeenskap daardie betekenis aan daardie klanke geheg word, maar 'n Fransman wat nie daardie ervaring opgedoen het nie, sal nie weet watter betekenis om daaraan te heg nie. So leer ons ook deur ervaring dat in ons gemeenskap onder bepaalde omstandighede 'n bepaalde vorm aan 'n woord gegee moet word, dat in ons gemeenskap die woorde in 'n bepaalde volgorde moet voorkom, ens. Maar in 'n ander gemeenskap waar die mense 'n ander taal praat, kan presies die teenoorgestelde gebeur en tog sal hulle mekaar net so goed verstaan. Elke taal is dus niks anders as 'n stilswygende afspraak, as 'n konvensie in die gemeenskap nie. Hierdie konvensie word bepaal deur tradisie of oorlewering. Ons praat, met enkele veranderinge, maar soos pa en ouppa gepraat het.

En nou kan ons weer die vraag stel: „Wat is dan 'n taalfout?“, en u sal begryp dat die antwoord moet wees: „Dis 'n afwyking van die konvensie in die gemeenskap.“ Wanneer almal wat die taal praat sê: „Hy het vir *my* gefop” en iemand kom dan voor die dag met: „Hy het vir *ek* gefop,” dan wyk hy af van die konvensie en maak dus 'n taalfout.

Laat ons nou enkele groepe foute nader beskou.

Soos die taal van 'n gemeenskap 'n konvensie is, so is ook die manier waarop dit skriftelik weergegee word 'n konvensie, en afwykinge daarvan word as foute beskou. So kry ons dan spel- en leesteken-foute. In die grond is die enigste rede waarop *v-a-d-e-r* as die korrekte spelling van „vader” beskou word, en *f-a-d-e-r* nie, dat die eerste gebruiklik is en die tweede nie. En so ook is die enigste rede waarom ons nie 'n kommapunt aan die end van 'n vraag sit nie, dat dit nie gebruiklik is nie. Dis met die taal net so gesteld soos met die modes:

Wie 'n verkeerde letter gebruik, sondig teen wat die gemeenskap van hom verwag, net soos die volwasse persoon wat in 'n kort broekie kerktoe sou gaan. Daar-teenoor staan egter dat dit die plig is van diegene wat ons spelling- en punktuasie-konvensies reël om hulle so prakties en maklik as moontlik te maak, soos dit die plig is van diegene wat die modes reël om hulle esteties en higiënies te maak.

As ons nou afstap van hierdie uiterlikhede en by die taal self kom, dan vind ons dat 'n groot aantal taalfoute aan onkunde te wyte is. Sulke foute kry ons natuurlik veral by vreemdelinge wat 'n taal onvolkome ken. Vandaar dat die Afrikaanse onderwyser wat die opstelle van Engelse kinders korrigeer, gedurig veranderinge moet aanbring om hulle taal in ooreenstemming met Afrikaanse spreekgewoontes te bring. Maar daar is ook baie Afrikaners wat onkundig is aangaande hulle eie taal. Daar is bv. die wat deur opvoeding of omgewing die gewoonte aangeneem het om hulle altyd, of oor sekere aangeleenthede, ten dele van Engels te bedien. Hulle wyk af van goeie Afrikaanse spreekgewoontes.

Baie mense voel onseker oor hulle taal, omdat hulle nooit die Afrikaanse grammatika geleer het nie, of dit alweer vergeet het. Hier is die gevaar egter minder groot, omdat ons grammatikas gewoonlik nog so veel te wense oorlaat. Na wat hierbo gesê is, sal dit duidelik wees dat dit die taak van skrywers van grammatikas moet wees om uit te vind wat gebruiklik is,* en dit as hulle maatstaf aan te neem; maar so dikwels laat hulle ander oorweginge wat nie ter sake is nie die deurslag gee. Neem ons 'n sin soos: „Dis oor sy moeder wat hy oor getreur het.” Party onderwysers sal die tweede „oor” skrap, omdat dit „oorbodig” is, soos hulle dit in

*) In beskaafde styl beteken dit natuurlik „gebruiklik” onder beskaafde sprekers.

navolging van die grammatikas uitdruk. Maar volgens hierdie redenering sou ons ook die tweede „nie” moet skrap in: „Dis nie waar nie” en die tweede „in” in: „Hy het in die water ingespring.” Die oorbodigheid of nie is ’n argument wat niks met die saak te doen het nie. Die vraag wat vir ons van belang is, is of die konstruksie gebruiklik is of nie. Of neem ’n sin soos hierdie: „’n Mens moet oppas dat jy nie van die wal af val nie.” Party werke oor stylleer vertel ons dat „jy” verkeerd is; dit moet „hy” wees omdat „mens” derde persoon is. Hierdie redenering is ook glad verkeerd; „jy” is reg, omdat dit gebruiklik is. Die taak van die grammatikus is dus gewigtig, want hy moet ’n noukeurige opname maak, nie van wat logies is nie, maar van wat gebruiklik is in die taal. Die taak van die onderwyser is moeilik want hy moet sêre dat hy die taal in al sy skakeringe ken, sodat hy nie dalk as verkeerd merk wat vir sy leerlinge gebruiklik is nie. En die taak van die leerling en iedere taalliefhebber is interessant en inspirerend, want hy kan hom voed aan die lewende bron van die gesproke woord self.

Die maatstaf van gebruiklikheid moet egter nie so geïnterpreteer word dat dit geen ruimte sou laat vir nuwigheide nie. Die beste stiliste onderskei hulle juis deur hulle indiuiduele uitdrukkingswyse. Hoeveel mooi nuwe samestellinge en segswyses het ons bv. nie te danke aan manne soos Jan Celliers en C. J. Langenhoven nie! En ook by skoolkinders moet ons die oorspronklikheid aanmoedig wat hulle dinge op ’n manier laat sê wat nog nooit tevore aangewend is nie. Die oorspronklikheid moet alleen nie teenstrydig wees met die gees van wat in die taal gebruiklik is nie.

As, soos so dikwels gedoen word, alleen dié groepe foute wat tot nog toe genoem is, as taalfoute beskou moes word, dan sou dit ’n betreklik gemaklike taak wees om jou moedertaal korrek te skrywe. Die klompie spel-

reëls is maklik genoeg onder die knie te kry en selfs 'n redelike gebruik van die leestekens is nie al te moeilik nie, terwyl die persoon wat gereeld 'n taal gebruik selde sal aarsel oor wat gebruiklik is in sy omgewing. En tog sal alle skrywers u vertel hoe moeilik dit is om taalfoute te vermy, en alle opmerksame lesers wat smaak het, word gedurig gehinder deur foute in taal wat sogenaamd grammaties korrek is. Die feit is dat die vernaamste kategorie taalfoute bestaan uit stylfoute, sondes teen goeie styl. Die dramaturg laat sy persone praat asof hulle 'n boek skrywe. Die skrywer laat 'n outa spreek asof hy 'n predikant is en 'n seuntjie asof hy 'n grootvader is. Omslagtigheid kom voor die dag waar beknoptheid gepas is, en duisterheid waar helderheid verlang word. Deur verkeerde keuse van woorde en uitdrukkinge word die juiste gevoelston gemis. Skilderagtigheid en nadruklikheid ly onder skoolse reëls. Die gebruiklike skoolboekies gee ons gewoonlik weinig hulp by hierdie dinge. Die reëls wat hulle gee is dikwels eensydig en misleidend geformuleer. Herhaling, wat 'n baie kragtige stylmiddel kan wees, word bv. onvoorwaardelik verdoem; 'n housterige sinsbou dikwels aanbeveel. Dis veral hierdie soort foute wat die skrywer moet sien te vermy en die onderwyser moet trag te verbeter, want die aankweek van goeie styl is die taak by uitnemendheid van elke taalonderwyser.

LITERATUUR

SÜTTERLIN: *Werden und Wesen der Sprache* (Quelle und Meyer, Leipzig).

'n Grondleggende werk oor stylleer is CH. BALLY: *Traité de Stylistique Française*, 2 dle. (Winter, Heidelberg). Daarnaas is daar ook 'n *Précis de Stylistique* van BALLY (Eggimann, Genève). Uit die groot aantal Nederlandse skoolboeke oor stylleer noem ek: H. PADBERG: *De Mooie Taal* (Malmberg, 's Hertogenbosch-Antwerpen).

DIE UITSPRAAK VAN AFRIKAANS

Deur ons Uitsaaimaatskappy is enige tyd gelede kommissies aangestel om hom van advies te dien oor die uitspraak van Engels en Afrikaans. Dit was 'n baie nodige stap en dit is iets wat van groot betekenis kan wees vir die opbou van Afrikaans.

In die verlede het ons spellingkwessies heelwat beroering veroorsaak, en vandag nog kan ons seker daarvan wees dat as 'n spellinghervorming deur iemand in 'n gesaghebbende posisie voorgestel moes word, daar dadelik stofwolke opgeskop sou word. Maar, vreemd genoeg, lyk dit asof die algemene publiek taamlik koud gelaat word oor die regte uitspraak van ons taal. En tog is dit 'n uiters belangrike saak, nie alleen vir die Uitsaaimaatskappy wat ons hele land moet bedien nie, maar vir almal wat ons kulturele belange moet behartig. Dit is byvoorbeeld van die grootste belang vir die onderwysers wat ons taal op skool moet doseer, vir predikante wat hul gemeentes op 'n beskaafde manier moet toespreek, vir spelleiers wat toneelstukke opvoer, vir openbare sprekers wat 'n groot gehoor moet toespreek, vir leraars en leerlinge van die voordragkuns wat die toon op hierdie gebied moet aangee.

Dit is ook nie 'n uitsluitend Afrikaanse vraagstuk nie, maar 'n internasionale probleem, want elke land het sy eie spraakverskeidenhede waaruit 'n keuse gedoen moet word vir algemene gebruik. Daarom is dit nodig om hierdie vraagstuk van 'n breë en deeglik wetenskaplike standpunt te benader.

In ouer lande word gewoonlik onderskei tussen dialek en algemene taal. Dialekte kom in groot getalle en verskeidenheid voor. Nie alleen kry ons aparte dialekte in aparte streke nie, maar dikwels het ons verskeie dialekte in dieselfde distrik of provinsie; ja, dit kom selfs voor dat een stadsgedeelte 'n ander dialek praat as 'n ander. Dialektiese uitspraak word egter nie beskou as geskik vir algemene doeleindes nie. Beskaafde mense mag dit miskien in hul eie omgewing gebruik, maar voor 'n groter publiek word dit nie as beskaafd beskou nie. Op skool, in die kerk, by ander openbare toesprake, oor die draadloos, word dit dus nie gebruik nie, tensy dit met 'n spesiale oogmerk is. By sulke geleenthede word gebruik gemaak van die sogenaamde algemeen-beskaafde taal.

Het Afrikaans nou ook sulke dialekte? Wat ons blanke bevolking betref, kan ons hierop met „nee” antwoord. Weliswaar is daar ook in die uitspraak — sowel as in die woordgebruik, vormleer en sintaksis — van Afrikaans heelwat verskeidenheid, maar die verskille is nie, of nog nie, so groot dat dit ons regverdig om van die dialek van een of ander streek te praat nie. Trouens, die meeste Afrikaners kan hulle glad nie eens 'n goeie begrip vorm van wat eintlik 'n dialek is nie. En tog hoor 'n mens soveel staaltjies van die eenaardige taal wat in sommige taamlik geïsoleerde streke gebruik word, dat 'n mens soms wonder of 'n noukeuriger ondersoek nie aan die lig sal bring dat ons wel in sulke gevalle van dialekte kan praat nie. Hoe dit sy, kan ons m.i. daarenteen ongetwyfeld wel van dialekte praat in verband met die taal van twee groepe kleurlinge, nl. die Maleiers van die Kaapse Skiereiland en die Griekwas. Die taal van hierdie groepe wyk so ver af van die gewone beskaafde witmens-Afrikaans dat ons alle reg het om van hulle dialekte te praat. Soos die mense

van ouer lande begeer ons egter ook nie om sulke dialekte vir algemene doeleindes te gebruik nie.*)

En so kan ons dan nou oorgaan tot die algemene taal. Die algemene taal het in ouer lande ontwikkel uit die dialek of dialekte van die mees beskaafde sprekers van een of ander streek wat om ekonomiese of ander redes 'n kulturele oorwig in die land gekry het. So het die taal van die mees ontwikkelde sprekers van die provinsie Holland in Nederland die algemeen-beskaafde taal van die hele land geword. In Engeland word die taal van die mees beskaafde sprekers van die suide as „Standard English” beskou; in Frankryk is die algemeen-beskaafde taal die taal van die toonaangewende kringe in Parys; en in ander lande kan ons 'n soortgelyke ontwikkeling aantoon. Die oorwig van so 'n algemeen-beskaafde spreektaal neem snel toe wanneer dit ook as algemene skryftaal aanvaar word. Maar ons moet nie veronderstel dat ons ooit absolute eenvormigheid, selfs in hierdie algemene taal, sal kry nie. Mense uit al die verskillende dele van Engeland verbeel hulle dat hulle „Standard English” praat, en tog kan ons dadelik selfs die beskaaf-sprekende Noord-Engelander van die beskaaf-sprekende Suid-Engelander onderskei, en die spraak van die Ier of Skot verskil weer van beide. So is daar ook baie opvallende verskille in die taal van die beskaafde Noord-, Suid- en Oos-Duitser. In Nederland verraai die spraak van die Groninger of Limburger hom dadelik as nie geboortig uit die provinsie Holland nie. En so sou ons baie ander lande op dieselfde manier kon deurloop. Maar dis nie nodig nie; ons kan maar dadelik na onself kyk, en dan sal ons vind dat die Bolander in die Transvaal herken word aan sy spraak en omgekeerd die Transvaler in die Boland. Die vraag waarvoor die Uitsaaimaatskappy en ander wat

*) Sien No.'s 7 en 8.

na eenvormigheid streef, te staan kom, is dan: „Wat moet ons met sulke erkende en algemeen bekende gewestelike verskille in die algemeen-beskaafde taal doen?”

Maar voordat ons daar dieper op ingaan, moet ons daarop wys dat mense wat vir beskaaf deurgaen en gewoonlik beskaaf praat, hulle tog ook partykeer skuldig maak aan plat taal. En dit wil nie alleen sê dat hulle soms 'n lelike woord of 'n plat uitdrukking gebruik nie, maar daar is ook baie beskaafde mense wat een of ander klank uitspreek op 'n manier wat ons as onbeskaaf moet bestempel. Dit is 'n rigting waarin ons onself nog meer moet ondersoek. Die Afrikaner is maar alte geneig om sy taal te beskou as iets wat vir homself moet sorg. Hy besef nie genoeg dat om ten volle beskaaf te wees 'n mens ook in alle opsigte beskaaf moet praat, en dat die bybring van 'n beskaafde spraak ook 'n deel van die opvoeding van sy kinders moet uitmaak nie. Maar ook hier is daar weer skakeringe. Iemand wat in Caledon of Malmesbury brei, sal in sy eie omgewing nie vir 'n onbeskaafde spreker aangesien word nie, omdat brei daar 'n algemene verskynsel is. Maar sodra hy érens anders kom, val sy spraak dadelik op as lelik en hinderlik. Om 'n beskaafde spreker dwarsdeur Suid-Afrika te wees, moet hy dit dus afleer. Daarenteen is daar, sover as ek weet, geen streek waar die uitspraak *hys* vir *huis*, *tyn* vir *tuin*, *hille* vir *hulle*, *jille* vir *julle*, *vier* vir *vuur*, *ier* vir *uur*, *leen* vir *leun* vir beskaaf sal deurgaen nie, en tog is daar ontsaglik veel Afrikaners wat hulle aan hierdie lelike ontronding skuldig maak. Dit is dus iets wat hulle terwille van hul eie beskawing moet afleer. Ek weet nie of daar streke is waar die uitspraak: *sjeld*, *sjeel*, *sjee*, *sjieter* vir *geld*, *geel*, *gee*, *gieter*; *tjind*, *tjuiken* vir *kind*, *kuiken*; *pêdjie*, *stêdjie* vir *perdjie*, *stertjie* vir *beskaaf* sal

aangeneem word nie. Algemeen-beskaaf is dit seker nie, en dus moet dit afgeleer word.

Baie individuele woorde kan op meer as een manier uitgespreek word; *baie* en *banja* en *baja* en *baje* en *baing*; *pampoen* en *pompoen* en *papoen* en *pepoen*; *tarentaal*, *tramtraal* en *trimtraal*; *ertappels* en *aartappels* en *ertáppels* en *artáppels*, ens., ens. In die meeste gevalle het die Akademie reeds ten gunste van die een of ander vorm besluit en daardeur gehelp om dit as dié beskaafde vorm erken te kry. In ander gevalle, soos met *ertappels* en *aartappels*, word die een vorm in een streek as beskaaf beskou en die ander in 'n ander streek. Natuurlik is ieder individu geneigd om te dink dat sy eie vorm die beskaafde is en ander mense s'n nie. In sulke gevalle het die Akademie wyselik besluit om altwee vorme te erken.

Die grootste moeilikheid waarmee die Uitsaalkommissie egter te doen sal hê, is die uitspraak van *e*, *o* en *eu* in woorde soos *been*, *boom*, *seun*. Soos bekend, sê die Bolander *bien*, *boem*, *seun* teenoor *beən*, *boəm*, *seuən* van baie mense in die binneland en *been* en *boom* van ander. Watter reëling kan hier nou getref word? Daar is twee moontlikhede: of al die bestaande vorme kan erken word, of een (of twee) kan gekies word as die erkende vorm (of vorms). My eie mening is dat die krag van ons beskaafde tradisie nog sterk genoeg is om te kan bepaal dat alleen die ou suiwer vokale *e*, *o* en *eu* gebruik moet word. Dit sal seker in die hand werk dat die lelike *beən*, *boəm* en *seuən* mettertýd ook uit die skool verwyder word.

Ander lastige puntjies om te reël, is die uitspraak van *g* in woorde soos *geel*, *geut*, *gieter*, nl. of dit velaar dan wel palataal moet uitgespreek word; van *d* in woorde soos *padda*, *middag*, *nodig* naas *parra*, *mirrag*, *norig*, ens., ens. Besonder lastig sal ook wees dié gevalle van assimilasië waar daar geen eenvormigheid

in ons omgangstaal bestaan nie, soos *kinders* naas *kinners*, *onkruid* naas *ongkruid*, *ongeluk* (met *n* of met genasaleerde *o*), ens. 'n Opeenhoping van assimilasiemoeilikhede lewer die woordjie 'n op, een van die eerste woordjies waarmee die Engelse sowel as die Afrikaanse kind op skool kennis maak. Vir 'n uiteensetting van die verskillende gedaantes waarin hierdie woordjie voorkom, verwys ek na die interessante artikels van prof. T. H. le Roux in *Ons Tydskrif* van Augustus en Oktober 1933.

LITERATUUR

Sedert hierdie praatjie in 1936 opgestel is, het daar 'n uitvoerige monografie verskyn deur P. DE V. PIENAAR: *Praat u Beskaaf?* (Voortrekkerpers, Johannesburg-Pretoria).

ONS SPELLING

Spelling is 'n onderwerp waar mense somar maklik warm oor word. Dis egter nie my bedoeling om vandag te stook nie. Ek wil veeleer probeer om u enigszins 'n insig te gee in die aard van die moeilikhede wat daar aan die saak verbonde is, en, indien moontlik, 'n bietjie hulp verskaf aan skoolkinders en andere wat hulp nodig het. Trouens, die tyd om warm te word oor hierdie saak is eintlik verby, want hoewel alle puntjies nog nie bevredigend opgelos is nie, en daar ook nog 'n aantal voetangels oorbly, het ons as geheel 'n bruikbare spellingstelsel wat baie makliker is as die van die meeste ander tale. Maar dit het heelwat moeite gekos om dit sover te kry en die ewolusie van ons spellingstelsel het 'n belangrike rol gespeel in die wordingsgeskiedenis van Afrikaans as skryftaal gedurende die afgelope sestig jaar, en die houding van mense teenoor die taal self het grotendeels afgehang van die skrifbeeld wat hulle daarvan te sien gekry het. Eers het ons die spelling van „Die Patriot” gehad wat egter nie onveranderd gebly het nie, maar in die loop van tyd verskeie wysinge ondergaan het, veral in meer fonetiese rigting — wat nie bygedra het tot sy populariteit nie. Dan volg die tydperk waarin die spelling in hoofsaak beheers word deur „Die Afrikaanse Taalvereniging” en die tydskrif „De Goede Hoop”. Sedert 1915 is die reëling van die spelling in hande van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns en die gesaghebbende bron vir hulle bevindinge is die „Afrikaanse Woordelys en Spelreëls”

deur hulle uitgegee, waarvan die vyfde druk in 1937 verskyn het (Nasionale Pers). Hierdie liggaam moes egter ook geleidelik sy weg vind, party dinge aanvanklik onbeslis laat en partykeer teruggaan op vroeër genome besluite. Dit word dan ook dadelik duidelik as 'n mens die drie grondbeginsels van die 4e en 5e drukke vergelyk met die vyf grondbeginsels van die eerste drie drukke en daarby onthou dat die grondbeginsels noodwendig soms teenstrydig met mekaar moes wees, wat die moeilikhede by die toepassing daarvan dus geweldig groot gemaak het. Die veranderinge het die publiek soms kriewelrig gemaak, het soms die smaad van mense wat gewoond was aan 'n vaste spellingstelsel, op die hals van Afrikaans gehaal. Van agteraf besien, moet 'n mens bereid wees om hierdie barensnood as 'n noodwendigheid te beskou en selfs die moontlike noodsaaklikheid van nog meer veranderinge in die toekoms te aanvaar.

Die ingewikkelde probleme wat enige spellingstelsel moet oplewer word al dadelik duidelik as ons bedink dat spelling 'n poging is om deur middel van sigbare tekens (letters genoem) klanke aan te dui wat deur middel van die gehoor waargeneem word. Die aantal tekens wat ons beskikbaar het is egter beperk. Ons tradisionele alfabet bestaan uit 26 letters. Daarvan word drie nie meer vir gewone Afrikaanse woorde gebruik nie, maar aan die ander kant het die Akademie die gebruik van vier kappie-letters en een aksent-letter voorgeskryf, sodat ons oor 28 letters beskik vir die spelling van gewone Afrikaanse woorde, d.w.s. as eiename en leenwoorde nie ingesluit word nie, en oor 31 met nog 'n aksentteken as hierdie laaste klasse woorde ook ingesluit word. In die „Afrikaanse Fonetiek” van Le Roux en Pienaar, die mees gesaghebbende werk oor die onderwerp, onderskei die outeurs egter 16 vokaalklanke en 36 konsonantklanke met afsonderlike tekens. Dit wil sê, as ons afsien van 'n 15-tal diftonge (kombinasies van vokaalklanke) moet

ons 52 aparte klanke onderskei met 31 tekens. Maar dit is nie al nie, want daar is nog baie meer klanke as wat selfs deur hierdie fonetiese tekens onderskei word. Iedere teken kan 'n aantal klanke met kleiner verskille verteenwoordig en in die deurlopende praat hoor ons in party gevalle net die begin, in ander net die end, gladnie in alle gevalle die hele klank waarvoor die teken staan nie. U sien dus hoe onmoontlik dit is om „elke klank deur 'n aparte letter voor te stel.”

Gelukkig is dit ook nie nodig nie. Dis voldoende as ons genoeg tekens het om verwarring te voorkom en hulle op die beste manier gebruik. Dit doen ons egter nie altyd nie, want deur die tradisie gebonde, is ons dikwels baie inkonsekwent in die aanwending van die tekens wat ons het, en gebruik ons bv. partykeer onder presies soortgelyke omstandighede verskillende letters vir dieselfde klank.

Laat ons nou sien hoe die Akademie ons vernaamste spellingmoeilikhede uiteindelik probeer oplos het. Dit is teenswoordig vasgelê in drie grondbeginsels. Die eerste lui dat ons spelling „die algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans wil weergee.” Hierdie beginsel raak 'n baie belangrike saak: Soos iedereen weet, is daar baie woorde wat in meer as een vorm gebruik word in Afrikaans, bv. *agent* en *agint*, *ertappel* en *aartappel*, *skrywe* en *skryf*, *baie* en *baing*, ens. Watter vorm moet ons in sulke gevalle kies by die skrywe? Vroeër het die Akademie gesê die gebruiklikste. Hierdie voorskrif het hy egter nou tereg verwerp, want gesteld al dat dit moontlik moes wees om in alle gevalle uit te vind wat die gebruiklikste vorm is, dan kon dit nog partykeer blyk dat die gebruiklikste vorm nie 'n algemeen-beskaafde vorm is nie. Die meerderheid word gewoonlik gevorm deur die minderbeskaafde klasse, terwyl die toon aangegee word deur die beskaafde minderheid.

Die eerste wat nodig is, is dus om u in sulke gevalle af te vra of 'n vorm algemeen-beskaaf is. Die Akademie het bv. tot die besluit gekom dat *agint*, *gemeinte*, *sperskies* en *vinnag* nie algemeen-beskaafde vorms is nie. Ondertussen is „beskaaf” self 'n baie vae begrip wat nie noukeurig omlyn kan word nie, en moet ons rekening hou daarmee dat wat in een omgewing beskaaf klink, in 'n ander die teenoorgestelde indruk kan maak. Ten slotte is die enigste uitweg om deur middel van lektuur, beskaafde omgang en self skrywe, te leer aanvoel wat vir beskaaf geld in ons taal. Dan bly daar egter nog die verdere moeilikheid oor dat daar dikwels meer as een vorm is wat beskou kan word as algemeen gebruiklik in beskaafde Afrikaans. Die oplossing van die Akademie is om in sulke gevalle ook meer as een skriftelike vorm te erken. So mag ons bv. sowel *klaag* as *klae* as *kla*, sowel *leef* as *lewe* skryf. So ook *geïnformeer* naas *informeer*, *geprotesteer* naas *protesteer*, *vroue* naas *vrouens*, *bedde* naas *beddens*, ens. Daar bestaan natuurlik altyd die moontlikheid dat een van die vorme in sulke gevalle mettertyd vanself minder gebruiklik sal word. Dan sal dit later wel verval.

Die tweede grondbeginsel is om by die Vereenvoudigde Nederlandse spelling aan te sluit en nie onnodig daarvan af te wyk nie. Hierdie beginsel het baie daartoe bygedra om die Afrikaanse spelling maklik en bruikbaar te maak. Daardeur het bv. die lastige reëls vir die gebruik van enkele en dubbele *e* en *o* en van *s* en *sch* van die ouer Nederlandse spelling oorbodig geword. Daarenteen het dit ons egter ook 'n paar moeilikhede laat erf wat anders nie in Afrikaans nodig sou gewees het nie. Dit is naamlik dat ons die *y*-klank soms met *y* en soms met *ei* moet skrywe, soos in die twee soorte *pyl*—*peil*, *rys*—*reis*, *styl*—*steil*, ens., en die *f*-klank soms met *v* en soms met *f*, soos in *vel* naas *fel*, *vier* naas *fier*, *vonds* naas *fonds*. In hierdie gevalle is die klank dieselfde (van die eerste

groep woorde ook in Nederlands), maar gebruik ons verskillende letters.

Die derde grondbeginsel is om sover moontlik gelykvormig te wees, d.w.s. om dieselfde woord of woord-element altyd op dieselfde manier te skryf. Ons skryf dus *hand* met 'n *d* terwille van die meervoud *hande*, hoewel ons 'n *t* uitspreek, en *rib* met 'n *b*, hoewel ons 'n *p* uitspreek, terwille van vorme soos *ribbe* en *ribbetjie*. So ook *stoffasie* (uitspraak: *støffasie*) met 'n *o* terwille van *stof*, *skaduwee* (uitspraak: *skadøwee*) met 'n *u* terwille van *skadu*, ens. Hierdie reël help seker nie om ons spelling makliker te maak nie, want hoewel dit waar mag wees dat 'n mens by die lees hele woorde sien en nie afsonderlike letters nie, is die natuurlike neiging by die skrywe en veral by die aanleer-stadium, tog stellig om dieselfde klank altyd deur dieselfde letter weer te gee. Maar hier het ons weer 'n ongerieflike erfenis waarvan ons nie maklik ontslae sal raak nie.

As ek dan nou die vernaamste moeilikhede moet opnoem wat daar nog in die Afrikaanse spelling oorbly, dan wil ek in die eerste plek daarop wys dat ons een vokaalteken te min het. Daardeur kan ons in oop eindlettergrepe nie op 'n ander manier onderskei tussen die dowwe, kort *ə* van *se*, en die lang, helder *e* van *see* nie, as deur die tweede dubbel te skrywe. Dit bring dan mee dat ons die *e* ook dubbel skrywe in samestellinge, afleidinge en verboë vorme van sulke woorde, soos in *seekus*, *tweede*, *tweedens*, *tweeling*. Maar die reël lui verder (onthou dit goed!) dat die *e* nie verdubbel word voor 'n ander *e* nie; dus *geër*, *seë*, *tweërlei* met twee *e*'s, nie drie nie. Ook *oorsese* het maar een *e* in die tweede lettergreep, omdat dit nie 'n afleiding van *oorsee* sou wees nie, maar die verboë vorm van *oorsees*.

In die gewone skoolopstel word die meeste spelfoute seker gemaak met die keuse tussen *ei* en *y* in woorde soos

lyk, wyn, uitwei, pyl naas *peil, rys* naas *rets, ryk* naas *reik* en die keuse tussen *f* en *v* bv. in *vader, vry* maar *fier* naas *vier, fel* naas *vel*.

Die keuse tussen *d* of *t* en *b* of *p* aan die end soos in *moed* naas *moet, rib* naas *krap, klip, amptenaar* is ook lastig maar kan gewoonlik met 'n bietjie nadink opgelos word.

Vir die verdubbeling, al dan nie, van konsonante na vokale wat nie die hoofklem dra nie, het dit die Akademie nog nie geluk om eenvoudige reëls neer te lê wat iedereen maklik kan onthou en wat algemene bevrediging gee nie. Die reëls is selfs te ingewikkeld om hulle hier te herhaal. Daarvoor moet u maar die woordelys van die Akademie naslaan. Maar laat my u vertel dat daar hooggeleerde mense is wat hulle gedurig vergis met woorde soos *onmiddellik, adellik, parallel*, aldrie met 2 l's. En kyk nou hoeveel van die volgende woorde u self reg kan spel: *bobbejaan, frikkadel, Japannees, fatsoeneer, funksioneer* — *bobbejaan* met 2 b's, *frikkadel* met 2 k's en een d, *Japannees* met 2 n's, *fatsoeneer* met 1 n, *funksioneer* met 1 n.

'n Ander groot moeilikheid is nog altyd die keuse tussen *ie* en *i* vir die *i*-klank. Die Akademie het twee bladsye nodig om daar leiding in te gee en ek moet u dus maar weer na die Woordelys verwys. Onthou egter dat in oop begin- en middellettergrepe woorde soos *familie, kritiek, notisie*, woorde van klassieke oorsprong dus, maar net *i* het. As 'n lettergreep egter oop word deur 'n buigingsuitgang, dan bly die oorspronklike *ie*: *kritieke, liriese*.

Eindelik bly daar nog die vreemde woorde oor, maar daarmee kan ek kort wees. As dit alledaagse woorde is, kan u hulle maar op Afrikaanse manier spelle. As u twyfel of dit alledaagse woorde is, kan u maak net soos u wil, d.w.s. hulle volgens die oorspronklike taal of op

Afrikaanse manier spelle, en as u wildevreemde, tegniese terme moet gebruik, dan is u so geleerd dat ek u nie meer kan help nie.

LITERATUUR

In die *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* („Die Weste“-Drukkery, Potchefstroom) is *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Spelling* tot 1925 behandel deur T. H. LE ROUX.